INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron nr. 0 3 0 2 | Datum 9 8 0 9 1 8 2 6 1 | Onderwerp nr. 8 | Knipsel nr. 95/16

Die Volksblad Jg........ Nr........ P. 10 Dat. 18 SEP 1998

TREFWOORDE
1 Rubrieke
2 Willem
3 Krisis
4 Tekort
5 Finansiering
6 Plaaslike Bestuur
7 Provinsies
8 Agteruitgang
9 Dienslewering
10

# Waar is al die geld heen?

ONS GESELS POLITIEK
deur Willem

MET munisipaliteite, provinsies en selfs die Sentrale Regering wat ernstige geldnood ondervind, gekoppel aan sigbare agteruitgang in dienslewering aan gemeenskappe, word dit toenemend die vraag wat van die geld geword het wat voorheen beskikbaar was om paaie te onderhou, gevorderde mediese dienste beskikbaar te stel, of selfs om strate skoon en netjies te hou.

Daarby kan ook die vraag gevoeg word of Suid-Afrika, nes van sy Afrika-bure, onomkeerbaar op pad is na vervalle geboue, vuil stede, ondrinkbare water en ander tekens van verval en agteruitgang. Die indruk is toenemend dat dit net 'n kwessie van tyd is.

Talle bydraende faktore kan aangedui word, soos die hoë koste van misdaad, korrupsie van miljarde rande, soos deur die Heath-kommissie uitgewys, swak bestuur soos gebrekkige grensbeheer, en vele meer, tot verby Sarafina II en ander skandale.

Daarby moet ook die herverspreiding van armoede gevoeg word. As die ekonomiese koek onder soveel meer mense verdeel moet word, sal die individuele porsies eenvoudig kleiner moet wees.

Die talle oorsake wat as faktore uitgewys kan word, is egter verwarrend eerder as ophelderend, veral as die hoofoorsake dan versluier word deur ander, meer opvallende tekens.

Ook moet faktore buite die Regering se beheer in aanmerking geneem word. As die verswakking van die rand wel deels aan regeringsbeleid gewyt word, kan dit nie as alleenoorsaak beskou word nie.

Die gevolglike styging in die buitelandse skuldlas en ekstra rente wat betaal moet word, kan daarom nie sonder meer op die Regering se brood gesmeer word nie.

Genoeg ander vingers van verwyt kan in elk geval gewys word, soos die gesloer om die Regering se makro-ekonomiese beleid, Gear, in rat te kry, of die beperkende nuwe arbeidswetgewing wat onvermydelik tot gevolg moet hê dat inisiatief gesmoor en beleggers afgeskrik word.

Pleks van na diverse simptome te kyk, kan die kernprobleem miskien saamgevat word as dat die ekonomie volgens ekonomiese en nie volgens politieke beginsels nie bedryf behoort te word.

Uit die aard van die saak is dit baie gevra, en soveel meer as dit gevra word van 'n regering wat so verbind is tot regstelling en vergoeding aan sogenaamde agtergeblewenes. Wat die Regering ook wil uitdeel, beteken uiteraard dat geld daarvoor gevind moet word.

In wese is die probleem dan veral dat die uitgawes van die Regering op 'n verskeidenheid van projekte "dooie" uitgawes is, eerder as investering in projekte wat geld in sirkulasie hou, of watselfs 'n direkte of indirekte wins oplewer.

Dit skep die klassieke dilemma van hoe meer geld in 'n bodemlose put gestort word, des te meer geld iewers gevind moet word om die proses voort te sit.

As deel van hierdie proses word, byvoorbeeld, opgepotte olie verkoop. Of privatisering kan aan die gang kom. Of bates soos dié van Sasria, of pensioenfondse, kan met gierige oë bekyk word. Of nuwe belastings kan bedink word, met vindingryker maniere om dit in te vorder.

Dan is enige voorlopige geldtekort die mindere krisis. As bestaande bronne bloot toenemend uitgeput word, op welke manier ook, en geen hernuwing of toename van bates plaasvind nie, is bankrotskap nie net 'n wesenlike gevaar nie, maar feitlik onvermydelik.

Entrepreneurskap deur die Regering self is gewoonlik teenproduktief as gevolg van burokratiese faktore.

In florerende lande is dit private inisiatief wat welvaart skep, en behoort die Regering se rol hoofsaaklik te wees om daardie skepping van werk en welvaart so aktief moontlik te bevorder.

Dit beteken veral die aanmoediging van beleggings in groeipotensiaal.

Die Regering het nog geen oortuigende indruk geskep dat hy aan die kant van die ondernemer of voornemende belegger is nie, maar veel eerder dat hy in die tou van ontvangers staan – of namens 'n groot deel van die bevolking as ontvanger optree.

Die bevordering van die bakhand-sindroom bevorder niks anders nie.

Die Regering sal ook voor eie deur moet vee, en veral geen vorm van onbevoegdheid duld nie. Dinge soos gedwonge regstellende aanstellings, wat wetlik opgedwing word, druis lynreg hierteen in, en kan daarom beskou word as maatstaf van presies hoe groot die ommeswaai in Regeringsdenke sal moet wees om Suid-Afrika op die wenpad te plaas.